AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Videograaf en -redigeerder*

PRETORIA

Akademia is ʼn Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans ʼn pos vir ʼn videograaf en -redigeerder in die Bemarking en Kommunikasie-afdeling beskikbaar. Hierdie pos is in Centurion, Gauteng gesetel.

## POSDOELSTELLING

Die videograaf en -redigeerder is verantwoordelik vir die beplanning, verfilming en redigering van ʼn verskeidenheid videobeeldmateriaal volgens bestepraktykstandaarde.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Om toerusting na te gaan vir goeie werking, bemarking- en institusionele video's te verfilm in die ateljee of by spesifieke liggings.
- Om video's te redigeer en visuele elemente by te voeg en goedkeuring vir die afhandeling van video's te verkry.
- Om op hoogte te bly van Akademia se handelsmerk- en kommunikasiestrategie sowel as nuwe innoverende videografietegnieke/-tendense en -stelsels.

## POSVEREISTES

- ʼn Sertifikaat/diploma in videografie (NKR-vlak 6).
- ʼn Minimum van drie jaar se toepaslike ervaring.

## VAARDIGHEDE

- Die ideale kandidaat moet werk van goeie standaard lewer, gestruktureerd en noukeurig binne ʼn bepaalde tydraamwerk funksioneer en aan regulatoriese en wetgewende vereistes voldoen.
- Kennis en ondervinding in klankvermenging (regstreeks, pre- en postproduksie), regstreekse uitsendings en animering sal in jou guns tel.

Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Kandidate word versoek om ʼn videoportefeulje by hul aansoek aan te heg om vir die pos oorweeg te word. Aansoeke moet voor of op **12 August 2025** ingedien word. Stuur ʼn e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ʼn aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.